Sukses is...
om God se roeping eerder as goeie idees te volg

Inleidend:
Iewers in mens se lewe vra mens die vraag/vrae:

- Watter sin en beteknis het my lewe?
- Maak my lewe 'n verskil?
- Wat het ek om te wys van my lewe?
- Is my lewe 'n sukses?

Wat is 'n suksesvolle lewe? Hoe verstaan mens sukses?
Ons prentjies en visie van wat sukses is en wat 'n lewe van betekenis is, is dikwels versteur deur ons eie verwondheid, oorgeromantiseerde projeksies van sukses eerder as die werklikheid. Verder word ons oorweldig deur 'n kombinasie van kapitalisme en die verbruikerswese, sosiale media en polariserende ideoloogiee wat van ons angsitige en gedrewe mense maak wat ons dikwels onvergenoegd laat en met ervarings van mislukkig en die gevoel dat ons net nooit genoeg is nie. Die gevolg hiervan is dat ons dikwels verval in vergelyking en kompetisie.

Ons ou Kerkvader Augustinus het gesê: *"You have made us for yourself and our hearts are restless until it rests in you."* Hiermee gee hy uitdrukking aan 'n mensbeskouing dat ons almal gemaak is om te soek na 'n vervulde/suksesvolle lewe. Die vraag is waarmee probeer ons dit vol maak en wat beteken sukses vir ons?

Thomas Merton skryf en sê: *"People may spend their whole lives climbing the ladder of success only to find, once they reach the top, that the ladder is leaning against the wrong wall."*

Hoe help die Bybelse verhale ons hiermee?

1) Ons vind nie uitermatige suksesvolle karakters in die Bybel nie. Abraham is 'n leunaar, Jakob verneuk sy familie, Moses is 'n moordenaar, Dawid pleeg owerspel, Petrus verloen die Here. Die Bybelse karakters word aan ons bekendgestel as mense met voete van klei – soos ons.
2) Die fokus in die Bybelse verhale is telkens meer op God as op die mens. Ons sien God se kreatiwiteit met die mens. Daar waar mense God se genadige, liefdevolle hart ontdek begin hulle deelneem aan God se drome en daar word nuwe sukses stories geskryf. Die skuif vind plaas van MY KONINKRYK na GOD SE KONINKRYK.

3) Die roepingsverhaal van Jeremia is so verhaal. Ons sien hoe die uitnemende en suksesvolle optrede van Jeremia op die einde le in sy bewustheid van sy roeping en dit het niks te doen met sy eie prestasies of ego nie. Eugene Peterson verwys na Jeremia as: *"A fully developed self and a thoroughly selfless person."*

Indien ons na Jeremia en vele ander karakters in die Byebel se lewens kyk sou dit kon oorkom as uiters onsuksesvol. So sou ons ook na Jesus se lewe kon kyk – Hy word gekruisig en begrawe onsuksesvol. Sy opstanding word beleef as *"fake news"* en 'n kleiner groep mense is getuies daarvan – onsuksevol. Dit is hierdie Jesus wat ons roep soos vir Jeremia op ons naam om saam met Hom te kom leef. Dit mag lyk na die mees onsuksesvolle keuse, maar dit is op hierdie pad en in hierdie verhouding wat mens SUKSES ontdek en beleef.

VIR KLEINGROEPE:

Ons ontmoet mekaar

Deel met mekaar julle ervarings van Paasnaweek.

Ons ontmoet God

- Steek 'n kers aan as simbool van die opstanding en laat iemad 'n gebed doen.
- Lees Jeremia 1:1-19

Ons deel met mekaar

- Praat saam oor die wêreld se siening van sukses en hoe dit deel word van ons eie lewensuitkyk en perspektiewe.
- In hierdie week se tema en vanuit die roepingsverhaal van Jeremia wil ons die gedagte ondersoek dat 'n suksevolle lewe begin by die diep ontdekking van my identiteit as geroepene in God. Bespreek die gedagte en hoe elkeen hieroor dink.

Ons bid saam

Deel met mekaar julle gebedsversoeke vir die komende week en bid vir mekaar